



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

VERBRUIKERSTUDIES

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.

I

AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	B✓	Onthou, maklik (Verken, bl.166; Suksesvol, bl.184)	(1)
	1.1.2	C✓	Verstaan, matig (Verken, bl.159; Suksesvol, bl.177)	(1)
	1.1.3	A✓	Verstaan, matig (Verken, bl.169; Suksesvol, bl.190)	(1)
	1.1.4	C✓	Onthou, matig (Verken, bl.185; Suksesvol, bl.201)	(1)
	1.1.5	A✓	Verstaan, maklik (Verken, bl.155; Suksesvol, bl.169)	(1)
	1.1.6	D✓	Verstaan, matig (Verken, bl.77; Suksesvol, bl.91)	(1)
	1.1.7	C✓	Verstaan, maklik (Verken, bl.91; Suksesvol, bl.108)	(1)
	1.1.8	A✓	Verstaan, matig (Verken, bl.74; Suksesvol, bl.84)	(1)
	1.1.9	C✓	Verstaan, matig (Verken, bl.94; Suksesvol, bl.114)	(1)
	1.1.10	B✓	Verstaan, matig (Verken, bl.77; Suksesvol, bl.87-88)	(1)
	1.1.11	C✓	Verstaan, matig (Verken, bl.49; Suksesvol, bl.53)	(1)
	1.1.12	B✓	Onthou, maklik (Verken, bl.50; Suksesvol, bl.50)	(1)
	1.1.13	A✓	Onthou, maklik (Verken, bl.48; Suksesvol, bl.49)	(1)
	1.1.14	C✓	Onthou, matig (Verken, bl.125; Suksesvol, bl.142–143)	(1)
	1.1.15	A✓	Onthou, maklik (Verken, bl.150; Suksesvol, bl.164)	(1)
	1.1.16	B✓	Onthou, matig (Verken, bl.37; Suksesvol, bl.39)	(1)
	1.1.17	B✓	Verstaan, moeilik (Verken, bl.29-34; Suksesvol, bl.29-33)	(1)
	1.1.18	C✓	Verstaan, maklik (Verken, bl.16; Suksesvol, bl.21)	(1)
	1.1.19	D✓	Onthou, matig (Verken, bl.40; Suksesvol, bl.42)	(1)
	1.1.20	C✓	Verstaan, maklik (Verken, bl.10; Suksesvol, bl.18)	(1)
1.2	1.2.1	Rentekoers✓		
	1.2.2	Aksynsbelasting✓		
	1.2.3	Piramideskema✓		
Onthou, maklik (Verken, bl.162-166; Suksesvol, bl.178-183)				(3 x 1) (3)

1.3	B✓ C✓ E✓ G✓		(Enige volgorde)	(4)
<i>Toepassing, matig (Verken, bl.53-57; Suksesvol, bl.61-63)</i>				
1.4	1.4.1	Huiseienaarsvereniging/ Korporatiewe liggaam/ Regspersoon✓		
	1.4.2	Verbandlening/ Verband/ Huislening✓		
	1.4.3	Deposito✓	(3 x 1)	(3)
<i>Onthou, matig (Verken, bl.117,120,122,126; Suksesvol, bl.137,139,140,145)</i>				
1.5	1.5.1	D✓		
	1.5.2	E✓		
	1.5.3	G✓		
	1.5.4	C✓		
	1.5.5	A✓	(5 x 1)	(5)
<i>Verstaan, matig (Verken, bl.74-75; Suksesvol, bl.83-85)</i>				
1.6	A✓ D✓ F✓ H✓ J✓		(Enige volgorde)	(5)
<i>Toepassing, moeilik (Verken, bl.35; Suksesvol, bl.34)</i>				
TOTAAL AFDELING A:				40

AFDELING B: LANGVRAE**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER****2.1 Noem EEN bron van inkomste vir munisipaliteite.**

- Eiendomsbelasting deur gemeenskapslede betaal.✓¹
- Provinsiale en nasionale regering.✓²

(Enige 1) (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl.182; Suksesvol, bl.201)***2.2 Noem die hoofrol van SAID (Suid Afrikaanse Inkomstediens).**

Die invordering van belasting namens die regering.✓

(1)

*Onthou, maklik (Verken, bl.163; Suksesvol, bl.180)***2.3 Noem TWEE tipes rente wat op skuld gehef word.**

- Enkelvoudige rente✓¹
- Saamgestelde rente✓²

(2)

*Onthou, maklik (Verken, bl.166; Suksesvol, bl.184)***2.4 Noem die voordeel van die betaal van voorlopige belasting vir sekere belastingbetalers.**

- Dit laat belastingbetalers met 'n ongereelde inkomste toe om twee keer per jaar belasting te betaal in plaas daarvan om dit maandeliks✓¹ te betaal.
- Dit laat belastingbetalers met 'n ongereelde inkomste toe om belasting in die vorm van twee paaie te betaal in plaas van in die vorm van 'n enkele, groot som, na die einde van die belastingjaar.✓²

(Enige 1) (1)

*Verstaan, maklik (Verken, bl.163; Suksesvol, bl.181)***2.5 Maak 'n lys van DRIE eienskappe van 'n multivlak/ stapelvlak-bemarkingskema (MVB).**

- Daar is 'n produk te koop.✓¹
- Direkte bemarking word gebruik.✓²
- Verkoopspersone ontvang 'n gedeelte van die verkope/geld vanaf 'n laer vlak.✓³
- Alle lede trek voordeel.✓⁴
- Dit is wettig.✓⁵
- Lede moet ander lede werf vir kommissie.✓⁶

(Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, bl.162; Suksesvol, bl.179)

2.6 **Noem VIER maniere om water te bespaar wanneer daar tuin gemaak word.**

- Plant inheemse/ waterbesparende plante/ groepeer plante met soortgelyke water behoeftes saam.✓¹
- Maak seker dat geen pype/ krane lek✓² nie.
- Moenie die tuin nat maak tydens die warmste deel van die dag/ wanneer dit winderig✓³ is nie.
- Maak gebruik van 'n reënwaterenk.✓⁴
- Gebruik gryswater✓⁵ van die huis om die tuin nat te maak.
- Moenie met 'n tuinslang nat maak nie, gebruik eerder 'n sprinkelaar/ gieter/ emmer/ drupbesproeiing.✓⁶
- Installeer a tydhouer om die tyd van tuin nat maak te beperk.✓⁷
- Gebruik molm✓⁸ om water in die grond te behou.
- Gebruik water vanaf die oorfloeiyp van die warmwatersilinder✓⁹ om die tuin nat te maak.

(Enige 4) (4)

Onthou, maklik (Verken, bl.180-181; Suksesvol, bl.199)

2.7 **Bespreek maniere om elektrisiteit en tyd te bespaar wanneer 'n elektriese stoof en oond tydens die gaarmaak van voedsel gebruik word.**

- Beplan maaltye vooruit om die beste gebruik te maak die stoof en oond✓¹.
- Maak groot maaltye gaar✓² om die hoeveelheid tyd vir gaarmaak van maaltye te verminder.
- Maak eenpotmaaltye/kasserols✓³ gaar om die aantal geregte om gaar te maak te minimaliseer.
- Ontdooi bevrore voedsel/ week sekere voedsels (rys/ stampmielies/ bone/ lensies) ✓⁴ om die gaarmaaktyd te verminder.
- Pas kastrolle by die grootte van die stoofplate om die verlies van hitte te voorkom.✓⁵
- Sny voedsel in klein stukke,✓⁶ dit sal vinniger gaar word.
- Gebruik kookwater wanneer meer water nodig✓⁷ word om voedsel gaar te maak.
- Skakel die plate of oond af voordat voedsel heeltemal gaar✓⁸ is, wat gaarmaak toelaat teen verlaagde hitte.
- Wanneer voedsel kook, verlaag die hitte✓⁹ en dit sal aanhou om gaar te word.
- Hou oonddeure toe totdat voedsel gaar is/ verseker dat die rubberseël in 'n goeie toestand is.✓¹⁰
- Maak die kastrol toe✓¹¹ terwyl voedsel gaargemaak word, om dit vinnig gaar te maak.
- Gebruik 'n konveksie-oond✓¹² in plaas van 'n konvensionele oond. Dit verminder gaarmaaktyd met 30%.✓¹³

(Enige 5) (5)

Verstaan, matig (Verken, bl.174; Suksesvol, bl.193)

2.8 **Verduidelik die verantwoordelikhede van gemeenskapslede met betrekking tot die gebruik van munisipale dienste.**

- Betaal✓¹ vir dienste wat gebruik word.
- Gebruik elektrisiteit oordeelkundig/ moenie elektrisiteit mors✓² nie.
- Gebruik water volhoubaar/ moenie water mors✓³ nie.
- Moenie rommel strooi nie/ vullis in die straat strooi nie/ hou publieke areas skoon.✓⁴
- Moenie rioolpype verstop nie.✓⁵
- Eerbiedig wette en regulasies.✓⁶
- Moenie munisipale infrastruktuur vandaliseer nie.✓⁷
- Rapporteer enige beskadigde munisipale infrastruktuur.✓⁸
- Gebruik alle dienste vir hul beoogde doel.✓⁹
- Gebruik geskikte kanale vir klagtes.✓¹⁰
- Woon raadsvergaderings✓¹¹ by om ingelig te bly oor wat die raad doen.

(Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, bl.185; Suksesvol, bl.205)

2.9 **Verduidelik hoe munisipaliteite hulle fondse moet gebruik.**

- Elektrisiteit koop om aan verbruiker te verkoop/ voorsiening van basiese elektrisiteit.✓¹
- Water koop om aan huishoudings te voorsien/ voorsiening van basiese water/ hou water infrastruktuur in stand.✓²
- Parke/ Sportfasiliteite/ begraafplase/ publieke areas✓³ in stand hou.
- Munisipale klinieke/ gesondheidsfasiliteite/ ambulanse✓⁴ voorsien.
- Rioolinfrastruktuur/ kollektering verskaf en in stand hou.✓⁵
- Vullisverwydering voorsien en afvalterreine in stand hou.✓⁶
- Munisipale paaie/ verkeersligte in stand hou en herstel.✓⁷
- Elektriese infrastruktuur/ straatligte✓⁸ in stand hou en herstel.
- Instandhouding van infrastruktuur en stormwater dreinerings.✓⁹
- Brand en reddingsdienste voorsien, verseker dat daar genoeg brandweertrokke en ambulanse✓¹⁰ is.
- Bestuur slagpale/ vars vrugtemarkte/ handel in die straat/ gesondheidsinspekteurs.✓¹¹
- Plaaslike toerisme bevorder deur munisipale inligtingsentrums.✓¹²
- Subsidieer publieke vervoer, verseker munisipale busse/drywers.✓¹³
- Die bedryf van publieke biblioteke, deur te verseker dat daar genoeg boeke/ internet geriewe/ personeel✓¹⁴ is.
- Betaal salarisse en lone van munisipale werkers/ metropolisie en verkeersbeamptes.✓¹⁵

(Enige 4) (4)

Verstaan, matig (Verken, bl.182-184; Suksesvol, bl.201-205)

2.10 Beskryf hoe veranderinge in rentekoerse verbruikersbesteding affekteer wanneer die rentekoers:**2.10.1 Verhoog**

- Lenings sal duurder✓¹ word dus word minder lenings/ krediet uitgeneem.✓²
- Maandelikse terugbetalings op bestaande lenings/ krediet sal styg.✓³
- Verbruikers mag minder geld/ besteebare inkomste hê om te bestee✓⁴ of te spaar.✓⁵
- Verbruikers wat rente op spaargeld verdien sal meer rente✓⁶ verdien en sal meer bestee.✓⁷ (Enige 4)

(4)

2.10.2 Verlaag

- Lenings/ krediet word goedkoper en mag lei tot meer lenings.✓¹
- Maandelikse terugbetalings op bestaande lenings/ krediet sal verlaag.✓²
- Verbruikers kan meer spaar wanneer hulle skuld terugbetaal/ minder betaal.✓³
- Daar sal meer besteebare inkomste✓⁴ wees. Dit sal verbruiker besteding stimuleer.✓⁵
- Verbruikers mag geld het om te spaar.✓⁶
- Verbruikers wat rente op spaargeld ontvang sal minder✓⁷ rente ontvang en sal minder bestee.✓⁸ (Enige 4)

(4)

Toepassing, matig (Verken, bl.166; Suksesvol, bl.184)

2.11 **Analiseer die impak van die onverantwoordelike gebruik van elektrisiteit op beide die omgewing en ekonomie.**

Omgewing

- Lugbesoedeling sal toeneem✓¹ omdat meer fossielbrandstof/ steenkool verbrand sal word.✓²
- Geraasbesoedeling sal ook toeneem✓³ weens die hoeveelheid elektrisiteit wat opgewek✓⁴ word.
- Daar sal 'n toename in grondbesoedeling✓⁵ wees omdat meer toksiese chemikalieë vrygestel sal word.
- Meer koolstofdioksies/ vrystellings/ toksiese chemikalieë✓⁶ sal in die omgewing vrygestel word/ meer lugbesoedeling.
- Daar sal meer swaweldioksied✓⁷ gevorm word wat suurreën✓⁸ sal skep.
- Mynbou van steenkool sal die vernietiging van grond✓⁹ langs die myne verhoog wat habitat verlies✓¹⁰ veroorsaak.
- Koolstofvoetspoor sal verhoog/ sal tot aardverwarming bydra.✓¹¹
- Natuurlike bronne van elektrisiteit mag uitgeput✓¹² raak weens oormatige gebruik.

Ekonomie

- Die prys van elektrisiteit sal styg✓¹³ omdat meer elektrisiteit gebruik en gekoop✓¹⁴ sal word.
- Verbruikers sal nie verhoogde pryse kan bekostig nie, wat tot onkoppeling✓¹⁵ lei.
- Verbruikers sal meer geld bestee/ meer elektrisiteit koop en hulle sal minder geld beskikbaar hê om vir ander behoeftes✓¹⁶ te betaal.
- Indien verbruikers minder goedere koop✓¹⁷ of besighede sluit✓¹⁸ kan dit 'n negatiewe effek op die ekonomie het.✓¹⁹
- Verbruikers sal elektrisiteit onwettig✓²⁰ koppel en elektriese strukture vandaliseer✓²¹ omdat hulle nie kan bekostig✓²² om elektrisiteit te koop nie.
- Munisipaliteite sal geld bestee op die herstel✓²³ van gevandaliseerde strukture in plaas van meer elektrisiteit koop.
- Weens onwettige koppeling mag sekere areas se elektrisiteit heeltemal afgesny word.✓²⁴
- Weens die aanvraag op die kragnetwerk✓²⁵ mag daar kragonderbrekings/ vermindering✓²⁶ wees en meer geld sal vereis word vir instandhouding en herstelwerk✓²⁷ wat tot styging in elektrisiteit pryse sal lei.

(Enige 8)

(8)

Analiserings, moeilik (Verken, bl.169-170; Suksesvol, bl.190-191)

LET WEL: Kandidate kan nie 8 punte verdien indien hulle slegs na die omgewing of die ekonomie verwys het nie.

[40]

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**3.1 Verduidelik die volgende terme:****3.1.1 Arteriosklerose**

- Die verstopping/ vernouing/ afsluiting^{✓1} van slagare weens die opbou van cholesterol/ ander vetterige stowwe^{✓2} binne die wande van die slagare.^{✓3}

OF

- Cholesterol/ ander stowwe,^{✓4} vorm plaak^{✓5} wat veroorsaak dat die slagare vernou/ verdik/ verhard.^{✓6} (Enige 3)

*Onthou, maklik (Verken, bl.74; Suksesvol, bl.83)***(3)****3.1.2 Hoë bloeddruk (hipertensie)**

Wanneer die druk van die bloed^{✓1} teen die slagare se wande^{✓2} wat deur die liggaam sirkuleer, hoog is.

*Onthou, maklik (Verken, bl.77; Suksesvol, bl.86)***(2)****3.2 Noem VIER dieetriglyne om hoë bloeddruk (hipertensie) te voorkom en te bestuur.**

- Gebruik sout spaarsamig.^{✓1}
- Geur voedsel met kruie en speserye^{✓2} in plaas van sout.
- Eet baie vrugte en groente.^{✓3}
- Eet hoëvesel-volgraan/ voedsel.^{✓4}
- Beperk die inname van alkohol.^{✓5}
- Verminder die inname van cholesterol.^{✓6}
- Gebruik lae vet/ afgeroomde suiwelprodukte.^{✓7}
- Verminder die inname van koffie/ tee.^{✓8}
- Neem genoeg kalsium,^{✓9} kalium^{✓10} en magnesium^{✓11} in omdat dit die bloeddruk mag verlaag.
- Volg 'n gesonde/ gebalanseerde dieet.^{✓12} (Enige 4)

*Onthou, maklik (Verken, bl.77; Suksesvol, bl.87-88)***(4)****3.3 Gee DRIE redes waarom geneties gemodifiseerde voedsels baie verbruikers kan voed.**

- Hulle is goedkoper/ meer bekostigbaar.^{✓1}
- Gewasse is meer siekte-en-insek bestand/ plaagbestand.^{✓2}
- Hulle groei vinnig.^{✓3}
- Hulle opbrengs is groter.^{✓4}
- Hulle het 'n lang raklewe.^{✓5}
- Bestand teen droogtes/ wisseling in temperature en kan gedurende alle seisoene^{✓6} beskikbaar wees. (Enige 3)

*Verstaan, matig (Verken, bl.103; Suksesvol, bl.123)***(3)**

3.4 Maak 'n lys van VIER nadele van voedsel organies te kweek.

- Organiese voedsel is duurder✓¹ as konvensionele boerdery.
- Organiese voedsel het hoër aanvangskoste.✓²
- Dit verg meer arbeid om te boer✓³ wat dit duur maak.
- Organiese voedsel benodig meer grond om dieselfde hoeveelheid voedsel as konvensionele boerdery te kweek.✓⁴
- Onkruidbeheer is 'n uitdaging vir organiese boere/ meganiese metodes van onkruidbeheer kan tot groter energie verbruik✓⁵ lei.
- Die opbrengs is laer/ aanbod is 'n probleem.✓⁶
- Die risiko's is hoër.✓⁷
- Voedsel het 'n korter raklewe✓⁸ omdat daar geen preserveermiddels is nie.
- Vrugte het meer vlekke.✓⁹
- Muf/ skimmel/ swamme is meer geneig om op organiese vrugte en groente te groei.✓¹⁰
- Dit neem 'n lang tyd om te groei.✓¹¹
- Erdwurms en vis kan geaffekteer word deur toksiene/ kopersulfaat✓¹² in toegelate plaagdoders.

(Enige 4) (4)

*Onthou, matig (Verken, bl.104; Suksesvol, bl.126)***3.5 Noem TWEE maniere waarop voedseloordraagbare siektes tussen mense oorgedra kan word.**

- Wanneer 'n onbesmette of nie ingeënte persoon iets eet of drink wat besmet is deur die ontlasting✓¹ van 'n besmette persoon.
- Wanneer 'n onbesmette persoon in kontak kom met 'n besmette persoon.✓²
- Wanneer 'n besmette persoon nie hulle hande was nadat die toilet gebruik/ babadoeke omgeruil is voordat voedsel✓³ voorberei word nie.
- Deur ongewaste eetgerei te deel.✓⁴

(Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, bl.89-91; Suksesvol, bl.103, 106,108)***3.6 Identifiseer en verduidelik die inligting op 'n voedsel etiket wat verbruikers kan help met die voorkoming en bestuur van voedselverwante gezondheidstoestande.**

- Lys van bestanddele✓¹ kan 'n verbruiker help om die bestanddele wat mag bydra✓² tot voedselverwante gezondheidstoestande te identifiseer.
- Nutriëntinligting✓³ lys al die nutriënte/ voedingstowwe wat in die voedselproduk voorkom wat sal help om produkte met hoë hoeveelhede nutriënte/ voedingstowwe✓⁴ te identifiseer wat tot voedselverwante gezondheidstoestande kan bydra of kan help met die bestuur van voedselverwante toestande.
- Waarskuwings/ allergeene✓⁵ verskaf inligting oor wat vermy✓⁶ moet word om allergiese reaksies te vermy.
- Gaarmaak/ voorbereiding instruksies✓⁷ sal verbruikers na meer gesonde opsies✓⁸ lei om voedsel voor te berei.

(Enige 3 x 2) (6)

Toepassing, matig (Verken, bl.97-98; Suksesvol, bl.117-118)

3.7 Voorspel die impak wat oorstromings op voedselsekerheid in die geaffekteerde areas kon hê.

- Oorstromingslagoffers kon hulle eie gewasse verloor✓¹ in hulle persoonlike tuine weens baie water.
- Daar kon beskadiging van opgebergde voedsel✓² wees weens die oorstromings.
- Gewasse kon besmet was✓³ weens rioolstortings wat deur die oorstromings veroorsaak was.
- Voedsel in die yskas mag bederf het weens kragonderbrekings wat verbruikers sonder enige voedsel om te eet laat.✓⁴
- Slagoffers kon moontlik al hul kruideniersware verloor weens oorstroming in die huise.✓⁵
- Gronderosie mag voorkom wat boerdery/ kweek/ tuinmaak in die toekoms✓⁶ affekteer.
- Lewende hawe mag sterf/ verdrink✓⁷ en gewasse kon wegspoel✓⁸ weens 'n groot hoeveelheid water op die plase.✓⁹
- Voedselpryse mag styg✓¹⁰ en baie mense mag nie in staat wees om basiese voedsel✓¹¹ te bekostig nie.
- Oorstromingslagoffers mag nie toegang tot winkels hê om voedsel te koop nie.✓¹²
- Indien verbruikers nie werk toe kan gaan nie, mag hulle hul inkomste verloor en nie in staat wees om genoeg voedsel te koop nie.✓¹³

(Enige 4) (4)

Analiserings, moeilik (Verken, bl.106; Suksesvol, bl.128-129)

3.8 3.8.1 Bespreek die voordele van die ontbyt vir 'n persoon met anemie.

- Die ontbyt bevat volkoringgraan/brood/eier wat goeie bronne van yster✓¹ is en sal help met die voorkoming en bestuur van anemie.
- Volkoringgraan/brood bevat foliensuur✓² wat help met die vorming van rooibloedselle/hemoglobien.✓³
- Die eiers bevat vitamien B₁₂✓⁴ wat sal help met die bestuur en voorkoming van anemie.
- Tamaties wat 'n bron van vitamien C✓⁵ is, sal help met die absorpsie van yster.✓⁶
- Die ontbyt bevat nie enige tee of koffie✓⁷ wat die absorpsie van yster verminder nie.✓⁸

(Enige 4) (4)

Toepassing, matig (Verken, bl.77; Suksesvol, bl.91)

3.8.2 **Analiseer die geskiktheid van die maaltydplan vir 'n persoon met hoë bloedcholesterol.**

- Volroommelk/ botter/ boerewors/ wors/ biltong is hoog in versadigde vette^{✓1} en sal die LDL/cholesterolvlakke^{✓2} laat styg wat die hoeveelheid cholesterol in die slagare^{✓3} sal verhoog wat tot arteriosklerose kan lei en 'n hartaanval/ beroerte^{✓4} kan veroorsaak vir 'n persoon met hoë bloedcholesterol.
- Biltong/ gesoute grondboontjies is hoog in sout^{✓5} wat die bloeddruk/ hipertensie^{✓6} verhoog en mag die risiko van 'n beroerte/ hartaanval verhoog.
- Eiergeel bevat cholesterol^{✓7} wat mag bydra tot die opbou van cholesterol in die slagare.
- Pap/ rys/ bruiskoeldrank bevat koolhidrate^{✓8} en te veel koolhidrate kan in vet omskep word, wat die risiko van koronêre hartsiekte^{✓9} verhoog.
- Grondboontjies bevat onversadigde vette^{✓10} wat die LDL/ slegte cholesterol^{✓11} sal verlaag.
- Volkoringgraan/vrugteslaai bevat vesel^{✓12} wat die cholesterolvlakke verlaag.^{✓13}

(Enige 8) (8)

Analisering, moeilik (Verken, bl.106; Suksesvol, bl.128-129)

LET WEL: Hartaanval/ beroerte kan slegs een keer 'n punt toegeken word.

[40]

VRAAG 4: KLEDING**4.1 Gee die term wat die rigting beskryf waarin mode beweeg.**

Modeneiging✓

Onthou, maklik (Verken, bl.49; Suksesvol, bl.51)

(1)

4.2 Definieer die volgende terme:**4.2.1 Handelsmerkrowery**

Dit is die ongemagtigde gebruik✓¹ van beskermde handelsmerke/
handelsname/embleme✓² en die namaak van etikette, verpakking/
aanbieding van produkte.✓³

OF

'n Produk word doelbewus✓⁴ die naam wat soortgelyk✓⁵ aan 'n
welbekende handelsnaam gegee sodat verbruikers dit met die
oorspronklike handelsnaam verwar.✓⁶

(Enige 2)

(2)

*Onthou, maklik (Verken, bl.64; Suksesvol, bl.72)***4.2.2 Modegier**

Enige styl wat onder 'n groot groep mense✓¹ aanklank vind. Mense
volg dit vir 'n tyd lank met entoesiasme, en dan verdwyn dit net so
vinnig as wat dit verskyn✓² het.

OF

Mode wat 'n groot aanvraag✓³ het maar vir 'n baie kort tyd hou. Dit
het 'n baie kort lewensiklus,✓⁴ word soms skielik gewild en verdwyn
net so skielik.✓⁵

(Enige 2)

(2)

*Onthou, maklik (Verken, bl.49; Suksesvol, bl.51)***4.3 Verduidelik waarom hierdie rok as 'n kontemporêre mode beskou kan word.**

- Die rok word deur 'n groot groep mense✓¹ aanvaar.
- Die rok is bekostigbaar.✓²
- Dit word goed geadverteer.✓³
- Geredelik in baie winkels/ aanlyn✓⁴ beskikbaar.
- Dit is op die hoogtepunt van mode/ gewildheid/ in die piekstadium.✓⁵
- Die rok word in groot hoeveelhede/ massas✓⁶ vervaardig.

(Enige 3)

(3)

Verstaan, matig (Verken, bl.48,50; Suksesvol, bl.49-50)

4.4 **Bespreek die impak van die vervaardiging van volhoubare tekstiele op die natuurlike omgewing.**

- Hulle is omgewingsvriendelik/ veroorsaak minder skade aan die omgewing✓¹ omdat min natuurlike hulpbronne✓² soos water gebruik word.
- Hulle groei vinnig✓³ wat minder water✓⁴ gebruik.
- Hulle veroorsaak minder waterbesoedeling✓⁵ omdat minder chemikalieë/ natuurlike kleurmiddels✓⁶ in die vervaardiging gebruik word.✓⁷
- Hulle veroorsaak minder grondbesoedeling✓⁸ omdat minder toksiese chemikalieë/ bemesting/ plaagdoders/ onkruidodders gebruik mag word,✓⁹ wat minder skade aan plante en diere veroorsaak.
- Hulle mag minder elektrisiteit gebruik om nuwe tekstiele te vervaardig✓¹⁰ dus sal minder lugbesoedeling✓¹¹ voorkom. Dit sal die koolstofvoetspoor verminder.✓¹²
- Hulle is hernubaar✓¹³ wat hulle volhoubaar maak. (Enige 4) (4)

Verstaan, matig (Verken, bl.61-62; Suksesvol, bl.67-68)

4.5 4.5.1 **Verduidelik waarom die bloes en die broek van die uitrusting as klassieke style beskou kan word.**

- Hulle bly vir baie seisoene gewild/ tydloos.✓¹
- Hulle het eenvoudige lyne.✓²
- Die styl pas by die meeste mense.✓³
- Hulle word as smaakvol✓⁴ beskou. (Enige 3) (3)

Verstaan, maklik (Verken, bl. 49; Suksesvol, bl.51)

4.5.2 **Analiseer die optiese illusies wat deur die uitrusting geskep word.**

- Die roomkleur (beige) van die pak en wit kleur van die bloes is 'n ligte kleur✓¹ wat lig reflekteer✓² en sal die draer breër✓³ laat vertoon.
- Die soomlyn van die baadjie is horisontaal en mag die indruk van wydte✓⁴ gee wat die bolyf korter/ breër✓⁵ sal laat vertoon omdat die oog stop om verder af✓⁶ te beweeg.
- Die knope op die baadjie sal 'n indruk van lengte in die bolyf✓⁷ gee.
- Die uitklokbrokepyp/ wye fatsoen van die broek mag die indruk gee dat die bene dik✓⁸ is.
- Die horisontale fatsoen/belt op die middellyf van die broek gee 'n visuele indruk dat die middellyf breër✓⁹ is.
- Die lang moue van die bloes gee 'n visuele indruk dat die arms lank✓¹⁰ is.
- Die hoëhakskoene sal die draer langer laat vertoon.✓¹¹

(Enige 5) (5)

Analiserings, matig (Verken, bl.56-57; Suksesvol, bl.59) Graad 11

[20]

VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 Noem TWEE betaalmetodes wat gebruik word wanneer huishoudelike toestelle aangekoop word.

- Kontant✓¹(transaksie)
- Afbetalingsverkooptransaksie/ huurkoop✓²
- Bêrekoop✓³
- Winkelrekening✓⁴
- Bankkredietkaart✓⁵ (transaksies)

(Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, bl.148; Suksesvol, bl.162)

5.2 Maak 'n lys van VIER kostes wat deur die heffing in 'n deeltitelkompleks gedek word.

- Eiendomsbelasting✓¹
- Diensfooie✓²
- Versekering op die geboue/ skade wat per ongeluk plaasvind✓³
- Lone en salarisse van personeel✓⁴
- Water en elektrisiteit vir die gemeenskaplike areas✓⁵
- Instandhouding/ herstel van gemeenskaplike eiendom✓⁶
- Sekuriteit van die kompleks✓⁷

(Enige 4) (4)

Onthou, matig (Verken, bl.122; Suksesvol, bl.140)

5.3 Noem VIER finansiële nadele van huur vir 'n huurder.

- Betaling van 'n eiendom wat jy nie in die toekoms✓¹ sal besit nie.
- Die huurder verkry nie 'n bate/ eiendom✓² nie.
- Die huurder bou nie welvaart✓³ op nie.
- Huurder mag nie die deposito terug ontvang nie.✓⁴
- Eiendom kan nie as sekuriteit vir 'n lening✓⁵ gebruik word nie.
- Die eiendom kan nie vir 'n wins✓⁶ verkoop word nie.
- Die eiendom kan nie as deel van 'n erfporsie✓⁷ nagelaat word nie.
- Huur verhoog gewoonlik elke jaar.✓⁸
- Huurder kan geld verloor wanneer enige skade herstel word/verbeteringe/ verandering in die eiendom✓⁹ aangebring word.

(Enige 4) (4)

Verstaan, maklik (Verken, bl.118; Suksesvol, bl.137)

5.4 Bespreek die finansiële implikasies vir huiseienaars wie se huise deur die oorstromings geaffekteer was.

- Indien hulle ten volle verseker is, sal die versekering vir die herstelwerk^{✓1} van hul huise en huisinhoud^{✓2} betaal.
- Indien hulle nie verseker was nie, sal hulle hul eie fondse^{✓3} moet gebruik om hul huise te herbou.
- Huiseienaars moet aanhou om hul verbande/ verbandlenings/ huislenings/ versekering te betaal selfs as hul huise vernietig is.^{✓4}
- Huiseienaars wat hul huise uitverhuur het sal hul huurinkomste wanneer hulle huise vernietig is.^{✓5}
- Hulle mag nie geld het nie/ mag 'n lening moet neem om hul huise te herbou^{✓6} nie, dit mag hulle langer neem om hul huise^{✓7} te herbou.
- Hulle moet moontlik tydelike beskutting^{✓8} vind/ daarvoor betaal.
- Hulle sou hul huisinhoud^{✓9} verloor het, wat meer geld sal kos om te vervang.^{✓10}

(Enige 4) (4)

Toepassing, moeilik (Verken, bl.117-118; Suksesvol, bl.136-138)

5.5 5.5.1 Vergelyk die plate van stoof A en stoof B ten opsigte van funksionaliteit.

- Stoof A/ soliede plate verhit stadiger/ neem langer om te verhit **OF** Stoof B/ spiraal plate verhit vinniger.^{✓1}
- Stoof A/ soliede plate bly langer warm **OF** Stoof B/ spiraal plate koel vinniger^{✓2} af.
- Stoof A/ soliede plate is makliker om skoon te maak **OF** Spiraal plate is moeiliker om skoon te maak.^{✓3}

(3)

Verstaan, maklik (Verken, bl.139; Suksesvol, bl.159)

5.5.2 Beskryf waarom stoof A geskik is vir 'n persoon wat in 'n agterkamer/oumawoonstel woon en dit geniet om 'n verskeidenheid maaltye gaar te maak.

- Dit is die korrekte grootte/ klein genoeg om op 'n kombuiskas se blad in die agterkamer/ oumawoonstel te plaas om vir een persoon^{✓1} voedsel gaar te maak.
- Dit het 'n oond wat gebruik kan word om 'n verskeidenheid geregte voor te berei.^{✓2}
- Vlekvrye staal buite/ soliede plate maak dit maklik om skoon^{✓3} te maak.
- Die oond kan gebruik word om bakplate^{✓4} op te berg.

(3)

Analiserings, matig (Verken, bl.139-140; Suksesvol, bl.159)

[20]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Noem TWEE maniere waarop onderhoud van toerusting in 'n besigheid kan plaasvind.**

- Roetine/ gereelde/ geskeduleerde/ voorkomende✓¹
- Regstellende/ ongeskeduleerde/ onklaar raak✓²

(2)

Onthou, maklik (Verken, bl.25; Suksesvol, bl.25)

6.2 **Noem TWEE elektroniese maniere waarop 'n entrepreneur sy/haar produkte in die gemeenskap kan adverteer.**

- Radio/ televisie/ bioskoop✓¹
- Selfoon: WhatsApp/ SMS/ E-pos✓²
- Sosiale media: Facebook/ Instagram/ X/ Tiktok✓³
- Internet: Webtuiste✓⁴
- Elektroniese reklameborde✓⁵

(Enige 2)

(2)

Onthou, maklik (Verken, bl.31; Suksesvol, bl.30)

6.3 **Gee TWEE redes waarom die korrekte opberging van produkte belangrik is.**

- Om vermorsing te voorkom/ skade aan grondstowwe/ produkte.✓¹
- Om finansiële verlies te voorkom/ help met akkurate voorraadbeheer.✓²
- Om besmetting✓³ te voorkom.
- Om bederf te vertraag/ die gehalte van voedsel✓⁴ te preserveer.
- Om maklike toegang tot produkte toe te laat.✓⁵

(Enige 2)

(2)

Verstaan, maklik (Verken, bl.22; Suksesvol, bl.27)

6.4 **Onderskei tussen *aanvangskoste* en *produksiekoste*.**

Aanvangskoste is koste wat betaal moet word voordat produksie kan begin✓¹ en produksiekoste is uitgawes wat betaal moet word om goedere en dienste aan kliënte te voorsien/ te produseer.✓²

(2)

Verstaan, matig (Verken, bl.36; Suksesvol, bl.35)

6.5 **Verduidelik waarom dit vir 'n entrepreneur belangrik is om die volgende in ag te neem wanneer 'n nuwe besigheid begin word.**

6.5.1 **Beskikbaarheid van menslike vaardighede**

- Dit sal verseker dat daar 'n werker met vaardighede, kennis en ondervinding✓¹ is om produkte voor te berei/ vervaardig✓² en die besigheid te bedryf.✓³
- Indien die entrepreneur 'n gebrek aan vaardigheid het, wat benodig word vir die besigheid, moet hy/ sy die vaardigheid✓⁴ aanleer.

(Enige 2)

(2)

6.5.2 **Beskikbaarheid van werksruimte**

Daar moet genoeg/ geskikte werksruimte✓¹ wees om die hoeveelheid/ tipe produk te produseer wat vervaardig✓² word.

(2)

Verstaan, matig (Verken, bl.10,12; Suksesvol, bl.17,19)

6.6 6.6.1 **Identifiseer die teikenmark by die Waterfront.**

Toeriste.✓

(1)

*Onthou, maklik (Verken, bl.34; Suksesvol, bl.33)*6.6.2 **Haal 'n stelling uit die gevallestudies aan wat aandui dat hulle volhoubare produseerders is.**

'Hulle gebruik plaaslik vervaardigde herwinde gare.' ✓

(1)

*Onthou, maklik (Verken, bl.26; Suksesvol, bl.26)*6.6.3 **Maak 'n lys van die inligting wat op die etiket van die gehekelde produkte moet verskyn.**

- Veselinhoud✓¹
- Grootte✓²
- Versorgingsinstruksies✓³
- Sew Hooked/ naam van die besigheid/ handelsnaam/ handelsmerk✓⁴
- Prys✓⁵
- Land van oorsprong✓⁶
- Kontakbesonderhede✓⁷
- Aanduiding dat herwinde materiaal gebruik is.✓⁸

(Enige 4)

(4)

*Verstaan, matig (Verken, bl.24; Suksesvol, bl.24, 29)*6.6.4 **Verduidelik die belangrikheid van 'n netjiese werkplek sodat die besigheid doeltreffend is.**

- 'n Netjiese werkplek sal verseker dat hulle vinniger werk/ tyd bespaar.✓¹
- Hulle sal meer akkuraat ✓² werk.
- Dit sal makliker wees om skoon✓³ te maak.
- Hulle sal in staat wees om items maklik op te spoor.✓⁴
- 'n Netjiese werkplek kan ongelukke/ vure✓⁵ voorkom.
- Dit sal garings/ items skoon✓⁶ hou
- Dit sal maklik wees om die garings/ gereedskap✓⁷ te identifiseer/ vind.
- Dit sal produksie verbeter.✓⁸

(Enige 2)

(2)

Verstaan, matig (Verken, bl.17; Suksesvol, bl.22)

6.6.5 Gee redes waarom die produkte van Sew Hooked vir verbruikers aantreklik kan wees.

- Hekel is in die mode/ gewild.✓¹
- Hulle produkte is 'n moderne kinkel tot tradisionele hekelwerk.✓²
- Die produkte word in 'n groot reeks kleure✓³ gemaak wat aantrekkingskrag mag hê tot verbruikers met verskillende smake/ behoeftes.✓⁴
- Die gebruik van herwinde garing✓⁵ mag aantrekkingskrag hê tot omgewingsbewuste✓⁶ verbruikers.
- Die produkte kan aanlyn✓⁷ bestel word wat tans die mees gewildste metode van aankope is.✓⁸
- Die besigheid het sosiale media teenwoordigheid/ webtuiste✓⁹ en is ook beskikbaar by 'n vlooiemark wat dit meer toeganklik tot verbruikers✓¹⁰ maak.
- Die produkte word plaaslik vervaardig/ trots Suid Afrikaans.✓¹¹

(Enige 5)

(5)

Toepassing, matig (Verken, bl.13; Suksesvol, bl.20)

6.6.6 Bereken die verkoopprijs van een hoed. Toon ALLE berekeninge.

$$40\% \times R195 = R78,00 \checkmark^1$$

$$\frac{R195 + R78,00}{\checkmark^2} = R273,00 \checkmark^3$$

OF

$$\frac{140}{100} = 1,4 \checkmark^4$$

$$\frac{R195 \times 1,4}{\checkmark^5} = R273,00 \checkmark^6$$

(Enige 3)

(3)

Toepassing, maklik (Verken, bl.39-40; Suksesvol, bl.31-40)

6.6.7 Bespreek die moontlike nadele van die gebruik van herwinde grondstowwe in die vervaardiging van hulle produkte.

- Herwinde stowwe mag die gehalte van die eindprodukte negatief affekteer.✓¹
- Dit mag tot groot verliese/ nie verkope lei, omdat lae-gehalte produkte deur verbruikers verwerp mag word.✓²
- Verbruikers mag nie tevrede wees nie/ behoeftes nie bevredig✓³ word nie.
- Standaardisering mag moeilik✓⁴ wees en gehaltebeheer mag 'n uitdaging✓⁵ inhou.
- Die prys van die eindprodukte mag geaffekteer✓⁶ word.
- Finale produkte mag nie lank hou nie/ kort raklewe/ verminderde duursaamheid hê.✓⁷

(Enige 4)

(4)

Analiserings, matig (Verken, bl.21; Suksesvol, bl.24)

6.7 Bespreek die effek wat 'n moontlike verhoging in BTW op die volhoubare winsgewendheid van kleinskaalse besighede kon hê.

- Die prys van grondstowwe sal styg^{✓1} wat besighede meer sal kos om hul produkte te produseer/ die produksie/ oorhoofse/ bokoste van 'n besigheid sal verhoog^{✓2} wat dit moeilik sal maak vir besighede om hul gelykbreekpunt te bereik/ wins^{✓3} te maak.
- Besighede sal meer vir vervoerkoste^{✓4} betaal wat tot 'n verhoging in produksiekoste sal lei.
- Daar sal 'n verhoging in elektrisiteit pryse^{✓5} wees wat die oorhoofse/ bokoste van die besigheid sal affekteer.
- Besighede sal hul verkoopprijs^{✓6} moet verhoog om hul oorhoofse/ bokoste/ produksiekoste^{✓7} te dek.
- Kleinskaalse besighede wat suksesvol is en 'n groot omset het sal BTW^{✓8} moet vra. 'n Verhoging in BTW sal beteken dat hulle meer vir hul produkte^{✓9} moet vra.
- Besighede mag kliënte^{✓10} verloor omdat hulle verkoopprijs duur/ te hoog vir kliënte^{✓11} sal wees.
- Minder produkte sal verkoop^{✓12} word omdat die aanvraag in goedere/ dienste mag verlaag weens die hoër pryse. Dit sal lei tot minder wins^{✓13} vir die besigheid.
- 'n Verhoging in BTW mag 'n negatiewe impak op die volhoubare winsgewendheid van kleinskaalse besighede^{✓14} hê. (Enige 8)

Analiserings, moeilik (Verbruikerskwessie) (Verken, bl.35; Suksesvol, bl.34)

(8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOT TOTAAL: 200